*Woensdag* **26 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 42**
**Fokusgedeelte: Psalm 42: 2**
**Soos ’n wildsbok wat smag na water, smag my siel na U, o God!**

Hierdie lied word in moeilike tye geskryf deur Dawid op vlug, of gelowiges in ballingskap. Die skrywer smag na God, ’n emosionele gevoel wat hy verder toelig as hy dit vergelyk met ’n wildsbok wat dors is en smag na waterstrome. Hierdie dier is in ’n woestynagtige gebied in die droë seisoen.

Hy vergelyk homself met hierdie wilde dier wat iets verklap oor sy eie toestand as mens. Soos die wildsbok, is hierdie persoon as gevolg van die sondige menslike natuur op ’n moeilike plek in sy lewe. Die wildsbok smag na water omdat hy lewendig is. So smag hierdie persoon daarna om sy geestelike dors te les omdat hy geestelik leef. Geestelike lewe kom van God deur die werking van sy Gees en daarom het ons, anders as andere, wel behoefte aan Hom.

Die psalmdigter verlang na die tempel as die plek waar sy dors in die verlede gereeld geles is. Mooi herinneringe hoe daar op pad na die Tempel in skares gejuig en gesing is, laat hom verlang. Maar al wat hierdie persoon nou beleef, is hartseer en trane. *“My trane is my spys”* (AFR33/53). Hy drink sy eie trane en dit bevredig nie. Soos ’n onrustige dier is hy in ’n worsteling met homself en hy praat ook met homself! *“Waarom kwyn jy weg, my siel, en is jy onrustig in my?”* (AFR2020) Hy spreek sy eie depressie as gevolg van sy omstandighede verskeie kere aan en beveel homself om weer op God te hoop en Hom te loof vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.

Kom ons les ons geestelike dors saam met miljoene gelowiges deur die eeue en ons loof God vir sy verlossing wat Hy bewerk het en nog sal bewerk. Lofprysing aan God droog trane af, voed die siel en bemoedig só die moedelose.

*Sing: Psalm 42-1:1, 2, 3*

*Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)*